



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 13 ❄ Nr 140 ❄ DESEMBER 2017

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Gemeentenuus	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Kersverhaal	6
Kersverhaal	7
Kersverhaal	8
Mosambiek Geletterdheid	9
Quionga Nuus	10
Kinderblad	11
Blokkiesraaisel	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 15 Jan bereik!



Somerkersfees – Koos du Plessis

Welkom o stille nag van vrede

Onder die Suiderkruis

Wyl stemme uit die ou verlede, oor sterrevelde ruis

Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer

Skenk ons 'n helder Somerkersfees,

in hierdie land, o Heer

Hoor jy hoe sag die klokke beier,

in eeue oue taal...

Kyk, selfs die nagtelike swye, vertel die ou verhaal...

Voel jy ook nou Sy warm liefde,

as ons die dag gedenk

Toe Hy Sy Seun aan ons gegee het

Ons grootste kersgeskenk.

Christus kom, Christus kom, gee aan God die eer

Skenk ons 'n helder Somerkersfees,

in hierdie land, o Heer



Sy bestemming was die kruis,
Sy doel was liefde,
Sy rede was jy!
Mag jul Kersdag gevul wees met vrede, vreugde en baie liefde.

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.

WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

HIERDIE KWARTAAL HET DIE DINAMIET KIEDS GELEER DAT GOD VIR ONS GAWES EN TALENTE GEGEE HET OM HOM TE EER!



BERG 80 VERJ: DES '17 & JAN '18

LET WEL:

Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Num 6:24-16 Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!



Erasmus	Rassie	12/04	82
Le Roux	Roelf	12/05	86
Jooste	Andre	12/07	87
Pienaar	Emmie	12/08	81
Strauss	Lorna	12/08	81
Dippenaar	Bobbie	12/10	87
Minnie	Louis	12/18	81
Le Roux	Noreen	12/19	88
Roux	David	12/19	82
Le Roux	Sannie	12/21	80
Van Deventer	Dillie	12/23	82
Du Toit	Wiesie	12/24	80
Van Den Heever	Christina	12/30	83

Bower	B	01/01	94
Nieuwoudt	Elbie	01/04	88
Goldie	Martie	01/09	86
Bester	Gerrit	01/11	81
Baard	Daneta	01/14	87
Botha	Miems	01/23	80
Esterhuysen	Pieter	01/24	81
Claassens	Marjorie	01/26	88
Dippenaar	Willem	01/30	82



FOKUS OP DIE HUWELIK

Vandag kom die woorde "ware vergifnis" in my

kop op en ek dink sommer aan al die kere wat my Grotman eerste vir my moes jammer sê (daar was 'n tyd vroeër in ons huwelik wat ek baie moeilik "jammer" gesê het...) Ek het dan gewoonlik as hy jammer gesê het vir hom geantwoord dat ek hom vergewe, maar eers nog so 'n bietjie kwaad wil bly ☺ Ken jy daai gevoel??

Wel vandag weet ek van beter....

As jou maat jammer gesê het en dit werklik bedoel (dade en optrede staaf opregtheid) vergewe sonder om weer terug te verwys na die "misstap" en sê ook sommer vir jou gesig en lyf jy het vergewe sodat jou maat dit kan sien en ervaar.

-Jackie Strauss-



RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK:



MAKLIKE SLAAI MET 'n PAK VEGGI MIX

1 Pak "veggie mix" (net opgekook tot sag)
1 Groot ui – gekap
Blokkies kaas
Mayonnaise na smaak
2 eetl bladjang

Meng alles saam en bedien
Baie lekker ook as dit oornag staan



MAKLIKE SLAAI MET BLOMKOOL EN BROKKOLI

1 Blomkool gekap
1 Brokkoli gekap
Blokkies kaas
Gekapte ui na smaak
Green/red and yellow pepper na smaak (opsioneel)
Sout en peper na smaak

Meng alles en gooi mayonnaise oor na smaak
Net voor opdiening, gooi paar blokkie croutons by en roer deur



AVOKADORING

1 pakkie groen of geel jellie,
250ml kookwater,
2 groot, ryp avokado's,
15ml suurlemoensap,
sout en peper, 10ml mosterdpoelier,
160ml asyn,
1blik kondensmelk,
1/2 ui, fyngekap.



Los jelliepoeier in kookwater op en laat afkoel. Druk avo's fyn en gooi suurlemoensap oor. Geur met sout, peper en mosterd en voeg kondensmelk en asyn by. Voeg ui en afgekoelde jellie by en giet in 'n ringvorm. Verkoel tot gestol.

DROë VRUGTESLAAI

Bestanddele:
Slaai 250g gemengde droe vrugte (saggekook)
6 piesangs in skywe gesny

Bestanddele Sous:
1 blik kondensmelk kwart koppie olie halwe koppie asyn halwe teelepel sout 2 teelepels mosterdpoelier
Meng alles goed saam.
Die resep noem nie uie, maar ek sien in die foto is uie, dit is seker opsioneel, maar 1 uie gekap en gebraai tot sag kan bygevoeg word.



BRON: <https://kreatiewekosidees.com/2013/10/22/kersfees-slaaie/>

DIE HERSELMANS: 'N KERSVERHAAL

Die Herselmans was sonder twyfel die vreeslikste kinders in menseheugenis. Hulle het gelieg, gesteel, sigare gerook. Selfs die meisiekinders.

Hulle het vuil taal gebruik en Freek Schoeman se pakkamer aan die brand gesteek en dit heeltemal laat afbrand. Ek dink die Herselmans was hieroor skoon oorbluf. Dit was die eerste keer dat hulle daarin geslaag het om 'n HELE gebou af te brand. Daar was Roelf, Issie, Ewert, Lodewikus, Ollie en Gladys. Ses Herselmans!! Ses maer benerige wesentjies met toingrige haartjies en vol blou kolle soos hulle mekaar bygedam het. Hulle het in 'n pakkamer bokant 'n ou garage aan die buitewyke van die dorp gewoon. Niemand het meer die garage gebruik nie.

Die deur het hulle vinnig en hard oop en toe geruk en so probeer om mekaar te vermorsel. Dit was hulle idee van gesonde vermaak. By die hek was 'n kennisgewing: "Pasop vir die kinders." Dis een nag daar vasgesit deur 'n vies inwoner wat onder een van die Herselmans se eskapades deurgeloopt het. Die volgende oggend was hulle woedend toe hulle dit sien, maar net toe Issie dit vloekend wou afruk, sê Roelf "Nee, los dit, lat hulle sien met wie't hulle te doen."

Die Herselmans het soos Piranha-vissies van graad na graad en standerd na standerd beweeg. Toe Ewert Herselman na graad 2 moes gaan, het hy nie eers die alfabet geken nie. Maar nie een van hulle het ooit gedruip nie. Geen onderwyser het kans gesien vir twee Herselmans in een klas nie. Ons was almal vas oortuig dat die Herselmans op pad was na die ewige verdoemenis, ná 'n draai in die sentrale gevangenis.

Maar toe kry hulle te doen met tant Let en die jaarlikse Kersspel.

Die Kersspel was elke jaar dieselfde – die herberg, stal, herders en ster. Die dominee se seun was altyd Josef en Elise Wentzel was altyd Maria (omdat sy so slim en sedig gelyk het). Die res van ons was die engelekoor.

Maar toe vertel een van die kinders vir Lodewikus Herselman dat ons by die Kinderkrans koekies en koeldrank kry. En gedoriebaar, die volgende week is hulle almal by die Kinderkrans.

"Wat is 'n Kersspel?" vra Issie.

"Dis 'n soort toneelstuk," sê tant Let.

"Waaroor gaan dit?" vra Issie.

"Dis oor Liewe Jesus se geboorte," sê Elise.

"O" sê Issie.

Dit lyk nie of sy veel erg het aan hierdie Kersspel nie. Maar moenie glo nie. Die volgende week toe almal bymekaarkom vir die rolverdeling, is die hele spul Herselmans daar! (vervolg op bl 7)



Flameros
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin
of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!



Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.

(vervolg van bl 6)

Tant Let sê toe: “Soos gewoonlik gaan die graad eentjies en tweetjies die engeltjies wees. Die ouer kinders gaan die herders, die gaste in die herberg en die koorlede wees.

Vir Maria, Josef, die drie wyse manne en die engel wat die blye tyding bring, gaan ek vrywilligers vra. Dan kan ons almal saam besluit wie watter rol gaan speel.

Tant Let het gereken sy is veilig. Die enigste meisie wat ooit haar hand opgesteek het, was Elise Wentzel. Maar nou het Elise met neergeslane oë doodstil gesit. Die enigste hand in die lug was dié van Issie Herselman.

“Wil jy iets weet, Issie?” vra tant Let.

“Ek wil Maria wees en Roelf wil Josef wees,” sê Issie.

“Dis reg!” beaam Josef.

Toe tant Let haar weer kom kry, sit sy met ’n Kersspel met die Herselmans in al die rolle. Gladys, die vreesaanjaendste van al die Herselmans, was die engel wat die blye tyding bring.

Ons het later uitgevind dat Elise vooraf deur Issie gewaarsku is dat sy met haar te doene sou kry as sy sou waag om haar hand op te steek om Maria te speel. Issie het skynbaar vir Elise gesê: “Volgende lente as die katwilgers uitkom, sal ek ’n katwilger so diep in jou oor afdruk dat niemand dit sal bykom nie. Dit sal begin groei en groei ... en vir die res van jou lewe sal daar ’n katwilger by jou oor uitgroei!!”

By die eerste repetisie was almal doodstil. Tant Let het begin om die herberggaste en herders in te deel. Onmiddellik was daar moeilikheid.

“Wie was die Herders?” wil Lodewikus weet, “en waar kom hulle vandaan?”

“Wat is ’n herberg?” vra Ollie.

“Begin liever héél voor met die storie,” stel Issie voor.

Die Herselmans het klaarblyklik niks van die Kersverhaal geweet nie. Hulle het wel geweet dat Kersfees Jesus se geboortedag was, maar die res was nuus.

Tant Let het toe die Kersverhaal uit die Bybel begin voorlees. Maar toe sy lees dat daar nie vir Josef en Maria plek was nie, val Issie se mond oop en sy sit regop.

“Wat! Nie eers vir Jesus nie?!”

“Wel” sê Tant Let, “niemand het geweet dat die babatjie Jesus sou wees nie.”

“Hoekom het Maria dit nie vir hulle gesê nie?” vra Roelf.

“Ék sou hulle vertel het. Boeta, ék sou hulle vertel het!” tier Issie.

En wat was fout met Josef dat hy stilgebly het?

En watse ding was dit wat hulle die baba in gesit het, daai krip? Is dit ’n soort bed? Hoekom het hulle ’n bed in die stal gehad?

“Maar dis juis die punt,” gooi tant Let wal. “Wat sou julle doen as julle ’n nuwe baba het en daar is geen bed vir hom nie?” “Ons het Gladys in ’n laai gesit” biegl Issie vertroulik.

Tant Let rol haar oë en lees verder.

Nie lank na Jesus se geboorte het die wyse manne uit die Ooste gekom ... “Dis hoog tyd dat iemand kom om die herbergier op sy plek te sit!” besluit Roelf.

“Hulle het vir Hom geskenke gebring, goud, wierook en mirre.” “Watse goed is dit?” “Kosbare olies en lekkerruikgoed,” verduidelik tant Let. “Jiggg!!” protesteer Issie, “watse simpel presente is dit? Mens kan mos niks daarmee doen nie?”

Oor koning Herodes was die Herselmans eers ontstoke. Hulle wou hom met alle geweld beetkry en ’n bloedige einde aan hom maak. Die Herselmans het almal verbaas. Hulle was intens by die Kersspel betrokke.

(vervolg op bl 8)

(vervolg op bl 7)

Die Herselmans is weg by die eerste repetisie te midde van 'n hewige argument: Moes Josef nie die herberg aan die brand steek en die herbergier landuit jaag nie...

Tant Let was bly toe die repetisietyd verby was, maar die aand van die opening was sy weer vol vertwyfeling. Met die Herselmans was enig-iets moontlik.

Om halfagt die aand is die saal se ligte verdoof. Die koor was veronderstel om net twee strofes van Die Heiland is gebore te sing en te neurie voordat Josef en Maria by 'n sydeur moes inkom. Maar al wat inkom is hulle. Die koor sing en sing en neurie en neurie.

Uiteindelik verskyn hulle. Maar nie stampend en stotend soos gewoonlik nie. Hulle verskyn stil-stil en kom huiwerig binne, so asof hulle nie seker is of hulle by die regte plek is nie, hulle lyk verdwaas. ... Toe besef ek skielik dat dit seker só moes gewees het vir die regte Josef en Maria – verlate in 'n stal, oral mense wat nie veel omgee het vir hulle nie. Hulle kon ook nie baie netjies en versorg gewees het nie. Eerder meer soos hierdie Josef en Maria.

Issie se sluier sit skeef. Roelf se hare is deurmekaar. Hulle skoene is uitgetrap en stowwerig. Issie dra nie die babapop wiegend in haar arms soos tant Let haar gewys het nie. Sy hou dit teen haar skouer en voor sy dit in die krip sit, klop sy die pop twee maal op die rug en vryf dit daarna saggies. Nou was dit Gladys, die engel met die blye tyding se beurt. Sy was al een wat vlerke gehad het, en sy hou niks terug nie. Sy storm by die engelekoor verby en roep uit volle bors: "Haai julle ouens, vir ons is daar 'n Kind gebore!"

Almal draai om toe die wyse manne in die gangetjies tussen die gehoor vorentoe beweeg. Wyse man Lodewikus Herselman dra iets wat so swaar is, dat sy rug daarvan krom. Dis 'n ham! Ek weet onmiddellik waar hy dit gekry het. Die kerkkomitee versprei elke jaar kosmandjies onder die behoeftige gesinne en hierdie ham is die Herselmans se Kersfeesham – met die groen en rooi geskenk lint nog daarom gestrik.

Nog nooit het die Herselmans iets aan 'n ander weggee nie, behalwe stampe en stote. Lodewikus sit die ham voor die krip neer. Dit lyk vreemd, so anders as die windmakerige badsout flessies – die wierook, mirre en goud – van vorige jare.

Die gehoor begin Stille Nag sing. Toe ons by Heer gebore vir ons kom, kyk ek terloops na Issie... en byna hou ek op sing...!! Issie huil!

In die kerslig is haar wange blinknat van tranes en sy probeer hulle nie eers wegvee nie. Sy sit net daar – die aaklige Issie Herselman met haar skewe sluier, toutjieshare en uitgetrapte skoene – en sy huil! Aan die einde van die aand was almal dit eens dat dit die beste Kersspel was wat ons nog ooit gehad het. Dit was so besonder, so anders, hoekom kon niemand presies sê nie.

Na die tyd was daar koel drank en lekkers en geskenkies vir almal. Net voor ons loop, blaas die dominee die laaste kerse dood. Hy sien tant Let hou iets vas. "Tant Let, wat op aarde het jy daar?" Dis die ham. Hulle wou dit om die dood nie terugneem nie. Hulle wou ook nie lekkers of geskenke hê nie.

Daar sal ander Maria's in die Kersspel wees, maar vir my sal Maria altyd soos Issie Herselman wees – 'n bietjie verward en verwese, maar altyd reg om haar baba teen wie en wat ook al te beskerm.

En die wyse manne sal altyd Lodewikus en sy broers met hulle ham wees. Buite die kerk was dié nag baie stil.

Om ons en bokant ons het die sterre geblink en ek het aan die engel Gladys gedink. Gladys met haar dun beentjies en stowwerige sandale wat aan almal uitjubel: "Haai julle ouens, vir ons is daar 'n Kind gebore!!"

Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"



Nuusbrief: Oktober 2017.

Inleiding: Ons was uiteindelik in staat om na 'n lang gewag die bosskole te besoek en evangelisasie te doen. Die kwik het wel op 42°C gestaan, maar die vrugte van die besoek het dit die moeite werd gemaak.

Evangelisasie by Magaissa bosskool: Hierdie jaar het ons die Woordlose boekie gekies om die Evangelie aan die kinders tydens die evangelisasie besoeke te verduidelik.

Deur die jaar leer die kinders van die Bybel deur die Good News prentboeke wat goed is, maar ons voel hul moet êrens die opgesomde Evangelie ook hoor.



Isaac het die evangelie in Chichewa gedeel, terwyl die



onderwyser dit in hul eie taal (Chilolo) vertaal het. Hul verstaan van en reaksie op die Evangelie deur middel van die kleure was

verbasend.

Baie van die kinders het hul hand opgesteek dat hul graag wil hê Jesus moet ook hul sonde weg was. Dit is altyd hartroerend om te sien hoe kinders glo. Die betekenis van wat Jesus in Lukas 18:15-17 bedoel het, kom so na vore as mens met jou eie oë sien hoe kinders in Jesus glo.

Evangelisasie by Muanatanga bosskool

Die ouer persoon, met die wit hemp en mostert geel broek, het 'n hele paar vrae oor Jesus gevra, maar ook watter kerk ons verteenwoordig. Dit was lekker om sy vrae te kon beantwoord. Ons het dit baie duidelik gemaak dat ons nie 'n spesifieke kerk hier kom verteenwoordig en probeer plant nie, maar dat ons Jesus verteenwoordig en Sy Verlossingsplan met die kinders en gemeenskap kom deel.

Die leiers van die gemeenskap was almal teenwoordig en dankbaar vir die Evangelie wat gebring is. **Gaan lees die volledige Nuusbrief op Lourensrivier Webtuiste of op Mosambiek Geletterdheid facebook blad.** Hou ook ons Facebookblad dop vir verdere foto's en kort video's van die uitreike wat ons na die bosskole het



Prys die Here saam met ons vir..

- Die Evangelie wat die bosgemeenskappe bereik.
- Die opgewondheid vir Jesus wat ons in die Mosambiekers sien saam met wie ons werk om die Goeie Nuus van Jesus te verkondig.
- Carmen wat werk in die Strand gekry het vir 2018.

Ons praat met God oor...

- Genesing vir ons eie land waarnatoe ons in 'n paar weke terugkeer (11 Des) en hoe Hy ons daar wil gebruik om Sy Koninkryk te laat kom in mense se harte.
- Beroepsopsies vir Niehan vanaf Januarie 2018

Groete uit Milange, Mosambiek
Niehan en Carmen Koekemoer

E pos: baiewarm@yahoo.com

Whatsapp: +27 76 434 2773

Facebook : Mosambiek Geletterdheid

QUONGA - Gebedsbrief 10-2017

Vanaf 26 tot 28 September het ons weer ons vriende van Mocimboa da Praia ontvang vir 'n evangelisasie uitreik in ons dorp. Die keer was Jim uit Pemba, met drie van sy manne, ook hier. Dan was daar Anthony en Jason, met twee van hulle manne, en ook die twee "short termers" wat in Mocimboa is, asook Anthony se skoonpa. Simao het ook deelgeneem en Chimeta uit Palma het ook een dag deelgeneem aan die program. Altesaam 15 mense.



Die doel van die besoek was om in groepe te verdeel en van huis tot huis te stap in die dorp en God se storie met die mense te deel. Hierdie spanne is geweldig positief deur die mense ontvang en mense het aandagtig geluister na die stories wat vertel word. Niemand het probeer argumenteer nie, en indien iemand met 'n argument wou begin is hy vinnig deur die ander reg gewys. Ek was self op 'n stadium by 'n groep van ongeveer 15 mense betrokke om die storie te vertel en om vrae te beantwoord. Toe ek oor my skouer kyk toe is een van die ander groepe onder 'n ander mango besig

met ongeveer 6 of 7 mense wat aandagtig luister na die stories wat hulle vertel. Daar was geen oorgawes nie, maar daar was 'n openheid by die mense wat nog nooit van te vore gesien is nie. Almal was dit eens dat die Vader besig is om 'n groot werk in Quionga te doen. Dit maak my geweldig opgewonde om dit wat ons laas week beleef het te kon beleef. Ek droom al lank daarvan hoe groepe mense onder die mango bome sit en luister na die Vader se woord, ek kon dit laas week beleef. Dit maak my ook half benoud om te begin dink hoe hierdie momentum behou moet word en wat ons moet doen as opvolg. Daarom het ons besluit om DV vanaf more elke Dinsdag en Donderdag middag onder verskillende mango bome in die dorp te gaan sit en die Bybel op die megavoice speler te speel en dan net God se stories, met die mense wat kom, te deel."



Dan die ding wat nogal redelik opskudding veroorsaak het hier in die noorde van Mosambiek Donderdag twee weke gelede. Daar het 'n revolusie in die klein ontstaan in Mocimboa da Praia waar 'n groep van nagenoeg 30 jongmanne polisiestasies met messe en kapmesse aangeval het en so wapens gebuit het. Daar is spesifiek op die polisie en staatsinstellings gefokus

Gebedsverseeke:

- Vir almal wat gehoor het gedurende die uitreik
- Hulle wat hoor onder die Mangobome op 'n Dinsdag en Donderdag
- Vir die veiligheidsituasie

Danksegging:

- Vir medewerkers in die veld
- Ons veiligheid ten spyte van oproerigheid

Kontak en ander inligting

Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique


Epos: thiartaa@gmail.com

Facebook: Makwe Mission - <http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

KINDERBLAD


MAAK JOU EIE KERSKAARTJIE ♪

Here, help ons om die
vrede wat U aan ons as
U kinders gegee het,
veral in hierdie dae,
aan mekaar en aan die
wêreld te toon. AMEN.



LEESROOSTER : DESEMBER 2017

(1Kor.1:3-9; 2Pet.3:8-15; 1Tes.5:16-24; Rom.16:25-27; Luk.2:22-40)



DWARS:

1. Bid ... [1 Tes. 5]
2. Eeue lank het dit ... gebly [Rom. 16]
5. God is ... om julle te laat vasstaan [Rom. 16]
8. God het hulle in alles ... geseën [1 Kor. 1]
9. Maar ons ... in die verwagting van 'n nuwe hemel en aarde [2 Pet. 3]
10. Hy wil nie hê dat iemand ... gaan nie [2 Pet. 3]
12. God is ... [1 Kor. 1]
14. Bly weg van alles wat ... is [1 Tes. 5]
15. Paulus dank God vir Sy ... [1 Kor. 1]
16. Wees in alle omstandighede ... [1 Tes. 5]

AF:

1. Wees met almal ... [1 Tes. 5]
3. Elke eersteling van die ... geslag moet vir die Here afgesonder word [Luk. 2]
4. Hy wil hê dat almal hulle moet ... [2 Pet. 3]
5. Praat die kleinmoediges ... in [1 Tes.5]
6. Die hemel sal met 'n groot ... verdwyn [2 Pet. 3]
7. Die Here stel nie die vervulling van 'n ... uit nie [2 Pet 3]
8. Hy wat julle ... is getrou [1 Tes. 5]
10. Die aarde, met alles daarop, sal ... [2 Pet. 3]
11. Vir die Here is een dag soos ... jaar [2 Pet. 3]
13. God het hulle veral in die gawes van ... en kennis geseën [1 Kor. 1]